# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 22 MEI 2022

**Handelinge 11 | Die DNS van die kerk word getoets**

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Dr. Braam Hanekom (1)

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Johan Visser (8)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Relevantdiens om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Why Duvenhage

## PINKSTERPROGRAM 2022

Pinkstertema: Die ritmes van die lewe wat ons help om te behoort.

Prediker: Ds. Johan Visser

Kinderpinkster: *Mission Possible* Aanbieder: Brenda Visser

- Alle Pinksterdienste is in die kerk en aanlyn.
- **Hemelvaartdiens:** Donderdag 26 Mei om 19:00 | Ds. Breytenbach
- **Pinksterdiens: Sondag 29 Mei om 09:00.** Die Pinksterreeks begin met 'n gesamentlike Pinksterdiens in die kerk waarby die familie- en meditatiewe dienste ook aansluit.
- **Aand- en Kinderpinkster:** Maandag 30 Mei tot Donderdag 2 Junie om 19:00 in onderskeidelik die kerk en kleinsaal. Sop en brood word na die dienste in die markplein bedien.
- **Oggendpinkster:** 30 Mei tot 3 Junie om 10:00 | Mike van Deventer
- **Pinksterfees 5 Junie 09:00:** 'n Gesamentlike oggenddiens in die kerk. Die familie- en meditatiewe dienste sluit ook by die Pinksterfees in die kerk aan.
- 'n **Pinksterhandleiding** wat by die Pinksterreeks aansluit, is op die webwerf beskikbaar en kopieë sal ook volgende Sondag in die voorportaal van die kerk beskikbaar wees.

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor op Hemelvaartdag, Donderdag 26 Mei, gesluit is.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFERS

**Noot-vir-Noodfonds**

Die fonds word benut om gesinne of individue in die gemeente of onmiddellike omgewing met tydelike finansiële hulp te ondersteun.

## TAFELGESPREKKE VIR FAMILIES

**Handelinge 1:7-11 | Jesus se hemelvaart**

Kom een aand die week as gesin bymekaar en doen die volgende:

- Steek 'n kers aan en dank die Here dat Hy vir julle sorg.
- Elkeen deel: Wat was julle hoogte– en laagtepunte van die dag?
- Lees die teksgedeelte.
- Probeer julself in die dissipels se skoene plaas. Hoe dink julle het die dissipels gevoel toe hulle verneem dat Jesus hulle gaan verlaat?
- Waarom het die dissipels in die lug bly opkyk?
- Waar dink julle is Jesus nou?
- Wat is die taak van al Jesus se dissipels wanneer ons bely dat Hy hier en nou by ons is?
- Bid saam.

## SOP VIR PINKSTER

Indien jy bereid is om 'n pot sop vir Pinkster te kook, stuur asseblief jou besonderhede aan Anneke by anneke@stellenberg.co.za of 021 976 4519. Kook 'n pot sop van eie keuse en gee die pot warm sop by die markpleinkombuis af. Gaan haal asseblief na die erediens en sopbediening weer jou pot in die kombuis.

## VAKATURE | SONDAGKOSTER

Die posisie vir 'n Sondagkoster is vanaf 1 Augustus beskikbaar. Die pos behels die algemene bestuur en toesighouding oor alle aktiwiteite wat op Sondae by die kerk plaasvind. Stuur jou volledige CV na anneke@stellenberg.co.za voor 10 Junie 2022. Navrae: ds René Potgieter by 079 893 8104 of rene@stellenberg.co.za.

## WINTERSKLERE

Daar bestaan 'n groot nood vir wintersklere in Khayelitsha en die informele nedersetting in Klipheuwel. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

### KATEGESE

**ANNIBRAND JUNIOR**

Na die oggenddienste tot 10:45.

Graad 1-3: kleinsaal

Graad 4-6: grootsaal

Graad 7: jeuglokaal

**ANNIBRAND SENIOR**

Seniors woon die Relevantdiens om 18:00 in die kerk by en verdeel daarna in kleingroepe.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## MET LEEDWESE

- Abraham Jacobus (Appie) de Lange (07/04/1942 - 13/05/2022). Appie was sedert 1975 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Elize, en kinders wat hy agterlaat.
- Helene van Niekerk (Helen) Kruger (18/12/1939 - 10/05/2022). Sy was sedert 2018 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met prof. Hennie Kruger, haar man en kinders wat sy agterlaat. Haar dogter, Marthina en skoonseun, Herman, is ook lidmate van die gemeente. Gedenkdiens: Vrydag 20 Mei om 11:00.

## VATVYF-BYEENKOMSTE

| | | |
|---|---|---|
| 1 Junie | 10:00 in kerk | Ons woon die Oggendpinkster saam by. |
| 15 Junie | Vertrek 09:00 | Kuier by Toeka in die Paarl. |
| 20 Julie | 10:00 | Kuier by Koffie en Krummels-koffiewinkel. |
| 17 Aug. | 10:00 kleinsaal | Aanbieding oor Alzheimersiekte. |
| 4 Sept. | 09:00 in kerk | Seniorweek \| Erediens met verversings. |
| 5 Sept. | 10:00 kleinsaal | Seniorweek \| Ds. Johan Visser sing en gesels. |
| 6 Sept. | Vertrek 09:00 | Seniorweek \| Franschhoek-motormuseum. |

## BREIGROEP

Die groep ontmoet weer op Maandag 6 Junie om 09:00. Bring asseblief alle klaar gebreide artikels saam na die byeenkoms.

## REËLINGS VIR TEETUIN EN KAFETERIA

### Teetuin

Die teetuin wat soggens voor die kerk op die grasperk aangebied word, bedien gratis tee en kitskoffie en sal tydens ongure weer na die saalgedeelte van die kerk verskuif.

### Kafeteria

Weens stygende koste kan drinkgoed ongelukkig nie meer gratis by die kafeteria verskaf word nie. Filterkoffie sal te koop wees teen R10 per koppie, tee teen R5 en cappuccinos en lattes teen R25. Eetgoed sal soos voorheen verkoop word. Ons vertrou dat u begrip vir die nuwe reëlings sal toon.

### EDELWEISS HUISDIENS

Sondag 22 Mei 17:30

Openbaring 21:1-8

Wat ons makeer . . .

### BYBELSTUDIE

Donderdag 26 Mei

Geen Bybelstudie weens Hemelvaart.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### KOFFIE EN KRUMMELS

Besoek gerus die koffiewinkel op die kerkterrein vir ontbyt, gebak en ligte middagetes. Hulle is oop op weeksdae vanaf 07:00 tot 17:00 en Saterdae en Sondae vanaf 08:00 tot 14:00. Die koffiewinkel funksioneer onafhanklik van die gemeente en word deur Lionel en Jessica bestuur.

## BEROEP VAN NUWE LERAAR

Ons is opgewonde om bekend te maak dat ds. Marius Schoombie die beroep as voltydse leraar met die fokus op jeug aanvaar het. Ons vertrou dat hy DV op 1 Julie 2022 in die gemeente sal begin werk.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

**Bulletin:** Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou foon deur 'n WhatsApp met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit aan.

**Daaglikse stemboodskap:** Luister na die daaglikse stemboodskappe op jou selfoon deur 'n WhatsApp met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit aan.

**Nuusbrokkies vir jong volwassenes:** Skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep aan sodat jy op hoogte kan bly van gemeentenuus en ander inligting van toepassing op jong volwassenes.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### EDELWEISS BAK PANNEKOEK

Edelweiss hou op Vrydag 27 Mei 'n pannekoekverkoping. Pannekoeke @ R7 elk moet asb. voor 24 Mei by me. Louw (021 976 1150/1 of edelweissontvangs @gmail.com) bestel word, of WhatsApp jou bestelling vir Hannie by 083 6300 545.

# BELYDENISAFLEGGING 22 MEI 2022

| | |
|---|---|
| Ammon | Jani |
| Ammon | Marnel |
| Barnard | Jemma |
| Beck | Stefan Nikolai |
| Blomerus | Maja Danielle |
| Brand | Liebe |
| Carstens | Marlene |
| Carstens | Taneeka Lee |
| Claassen | Kyle |
| De Klerk | Zaandré |
| De Kock | Lize |
| Denton | Bernice |
| Dry | Chené |
| Du Plessis | Chanzelle |
| Eaton | Dante William Loftie |
| Erasmus | Marno |
| Ferreira | Arnold Van Renen |
| Fourie | Pieter Johannes |
| Gerber | Larisa |
| Greyling | Dian |
| Havenga | Zanne |
| Hewitt | Carla |
| Heyns | Sanmaré |
| Hugo | Jordan Ché |
| Lamprecht | Simoné |
| Laubscher | Justin |
| Lotriet | Werner Johannes |
| Louw | Lisa |
| Marais | Inge |
| Potgieter | Ockert Cornelius Theodoris |
| Sibley | Edward  Charles |
| Smook | Tommie |
| Smuts | Mia Thandi |
| Steyl | Megan |
| Swanepoel | Elzahn |
| Swart | Kayla |
| Tait | Beatrix Marné |
| Truter | Anchen |
| Venter | Adriaan Jean |
| Venter | Karla |
| Venter | Ruben |
| Vermeulen | Adelle |
| Verster | Jasper Kobus |
| Vlok | Christine |
| Vlok | Kara Hilda |
| Weyers | Ellen |
| Wiles | Ashley Helen |

Die volgende jongmense beoog om op op Sondag 22 Mei tydens die Relevantdiens hulle geloof te bely.

Ons verwelkom die belydende lidmate graag in die gemeente en bid hulle seën op hulle geloofspad toe.